

Maandag

Rom. 8:1, 31 – 39; Luk. 18: 18 – 30. Teks Rom. 8: 37 Tema: "Deur God se gewaarborgde liefde kan ons deur die wisselvalligheid van die lewe en ook ons eie gemoed God blý dien." Kan 'n yskas wat breek 'n huwelik breek? Stel jouself die volgende situasie voor: * Die yskas breek.

* Die vrou raak histeries. Sy verloor haar hele sekuriteit van hoe sy moet kos moet voorsien sodat alles en almal in die huis aan die gang bly oor 'n gebreekte yskas.

* Dan verwyf sy haar man dat hy nie regtig omgee wat in die huis aangaan nie, lankal moes gesien het die yskas is klaar en 'n nuwe een gekoop het.

* En dan gebeur dit! Sy sê maar dit is net nog 'n bewys dat hy nie werklik omgee nie, dat dit is hoe hulle verhouding nog altyd is, sy moet na alles kyk, en dat hy nie werklik teenwoordig wil wees nie, en die rede hiervoor is dat hy haar nie regtig lief het nie!

* Die gebreekte yskas word die bewys vir liefdeloosheid en die rede vir 'n egskedding! En dit kan met 'n man se motor wat breek ook ANDERSOM gebeur dat die man teenoor die vrou voel sy het hom nie meer lief nie.

Hierdie vertwyfeling en onsekerheid oor liefde deur gebreekte yskaste of motors gaan regtig oor heeltemal iets anders as afwesige liefde. Dit gaan om die wil en drif dat alles altyd oor my veiligheid, my gesondheid, my gelukkigheid, my besittings, my werk en my geliefdes reg moet wees en reg moet loop... En as iets hierin verkeerd loop, bedreig dit mense se hele bestaan en raak hulle oor alles en almal onseker, angstig, onrustig en vertwyfelend. Dit gaan oor die innerlike woede om alles wat verkeerd loop volgens my sekuriteite toe te skyf aan liefdeloosheid. Dit gebeur omdat mense geborgenheid en sekerheid soek in DINGE waarmee 'n mens leef en nie in WIE 'n mens mee saamleef nie. Christus se verlossing maak dat niks wat in ons lewe verkeerd is of verkeerd loop ooit weer vir ons 'n rede kan wees vir God se liefdeloosheid teenoor ons of ons liefdeloosheid teenoor Hom nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Rom. 8:1, 31 – 39; Luk. 18: 18 – 30. Teks Rom. 8: 37 Tema: "Deur God se gewaarborgde liefde kan ons deur die wisselvalligheid van die lewe en ook ons eie gemoed God bly dien." Christus maak Homself en sy liefde as God vir ons, die enigste geborgenheid vir ons lewe. Paulus verklaar dit só: "Niks en niemand kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here nie." (Rom. 8: 35, 39) Hierdie is die gevolgtrekking van alles wat Paulus in Rom. 1 tot 8: 30 oor die verlossing van Christus aangekondig en verduidelik het. (8:31) Ons is met Christus só verenig dat ons sondes sy sondes is en Hy dit begrawe het in sy graf, en sy regverdige lewe is ons s'n en tel vir ons. (Rom. 6) Só maak God ons vir sy liefde en ons liefde vir Hom reg deur ons geloof in ons vereniging met Christus. (Rom. 1: 16, 17) Rom. 8: 31 – 39 is die gevolgtrekking wie Christus vir ons is: Niks ons van God se liefde kan skei nie. (8:35) God se onskeddbare liefde vir ons word

met vyf redes gemotiveer:

1. dat God altyd vir ons is en nooit weer teen ons sal draai nie! God kan nooit weer teenoor ons kwaadwillig en vyandig wees en ons op een of ander wyse daarom benadeel nie. Hy is vir ons!; (8: 31)
2. dat omdat Christus God se oordeel in ons plek nie gespaar is om ons van sy oordeel te red nie, God niks van sy goedheid ooit van ons weerhou nie, al oortree ons sy wil.(8: 32);
3. dat omdat God ons sondes reg maak, niemand ooit vir ons weer kan beskuldig dat wat met ons gebeur God se straf vir ons sondes is nie. (8: 33);
4. dat omdat Christus met sy lyding vir ons instaan vir ons oortredings, niemand ons ooit kan vertel dat wat met ons gebeur 'n oordeel van God is nie. (8: 34)
5. Niks wat volgens ons opvatting van hoe ons lewe moet wees en wat dan vir ons volgens ons opvatting oor hoe ons lewe moet wees, verkeerd loop of nie reg is nie, kan ooit weer iets wees wat vir ons 'n bewys of rede kan wees om te glo dat God sy liefde van ons weerhou.

Preek beskikbaar op Google by ngkerkevubu.co.za Ds. Petrus.

Woensdag

Rom. 8:1, 31 – 39; Luk. 18: 18 – 30. Teks Rom. 8: 37 Tema: "Deur God se gewaarborgde liefde kan ons deur die wisselvalligheid van die lewe én ook ons eie gemoed God bly dien." Niks wat volgens óns opvatting van hoe ons lewe moet wees en wat hiervolgens verkeerd loop of nie reg is nie, kan ooit weer vir ons 'n bewys wees om te glo dat God sy liefde van ons weerhou. Paulus maak 'n volledige lys van alles wat vir ons verkeerd kán loop van buite ons en binne ons: lyding, benoudheid, vervolging, honger, naaktheid, gevaar en geweld. Niks hiervan kan ooit weer iets wees wat vir ons 'n bewys kan wees om te glo dat God teen ons is, ons veroordeel, sy liefde van ons weerhou, ons aankla en beskuldig oor sondes en oortredings nie. Hy maak ook 'n volledige lys van alles wat oorsake kan wees dat ons lewe volgens onself verkeerd loop: dood en lewe, engele en bose magte, teenswoordige en toekomstige dinge en kragte, hoogte of diepte, en net om seker te maak dat hy alles insluit sê hy: “..

. of enigiets anders in die skepping nie.” Deur al hierdie dinge heen wat volgens óns wil, opvatting en gesteldheid oor ons lewe, vir ons verkeerd loop en verkeerd is, hou Gód ons binne sy liefde dat Hy vir óns, en ons vir Hóm reg is. Niks wat met ons gebeur wat vir ons verkeerd is, kan ooit God wees wat teen ons is, ons veroordeel, aankla of sy liefde van ons weerhou nie. Dit is die geborgenheid van gewaarborgde en versekerde liefde! Gewaarborgde en versekerde liefde teen álles wat kan gebeur, deur enigiets of enigiemand, sonder enige voorbehoude, uitsonderings of uitsluitingsklousules! Hierdie gewaarborgde en versekerde liefde van God vir ons, is ons sekuriteit dat niks wat vir ons verkeerd loop of verkeerd is, ons van God se liefde kan skei nie. Binne die voorbeeld van ons preek beteken dit dat niks wat binne 'n huis verkeerd loop en verkeerd is, 'n bewys kan wees dat my man of vrou nie vir my lief is nie. Dit is net nog 'n ding wat breek - nie liefde wat breek nie! Preek beskikbaar op Google by ngkerkevubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag Paas-ekstra

Rom. 8:1, 31 – 39; Luk. 18: 18 – 30. Teks Rom. 8: 37 Tema: "Deur God se gewaarborgde liefde kan ons deur die wisselvalligheid van die lewe én ook ons eie gemoed God bly dien." Die die ryk jongman in Luk.18. het nie by Christus sekuriteit in God se gewaarborgde liefde gesoek nie, maar die sekuriteit dat, so glo hy, hy alles vir God reg doen, God vir hom alles in die gewone lewe reg sal laat loop en reg sal hou. Alles in hierdie gesprek tussen Jesus en die ryk jongman is ironies! Hy vra Jesus nie 'n vraag oor wat hy nie weet nie, maar om van Jesus die bevestiging te kry dat hy alles reg doen en alles vir hom reg sal loop. Jesus moet vir hom sê: "Moenie bekommerd wees nie, alles is reg en alles sal reg uitloop want jy doen alles vandat jy 'n klein seuntjie is nog altyd reg en niks verkeerd nie. En dan kom hierdie onverwagse wending! Gaan verkoop alles wat jy het en kry die skat in die hemel! Hierdie is nie die elfde gebod wat jy nog moet ekstra doen na jy al die Tien Gebooie gehoorsaam het nie. Armoede gee jou nie die skat van die hemel nie! Hierdie opdrag is om nie meer sy sekuriteit te soek in alles wat vir hom reg geloop het, sy besittings, sy gesondheid, sy werk, sy aansien, sy mag, sy gesin en geliefdes en sy goeie toekoms in die hemel nie. Hy moet God se liefde in Christus as sy skat in die hemel vind. Met hiêrdie skat (God se gewaarborgde liefde), moet hy dan Christus gehoorsaam en dien, met alles wat God oor sy lewe sal bring wat vir hom sleg is en volgens sy planne verkeerd loop. Menslik onmoontlik maar vir God moontlik! Dit is nie vir armes óf rykes moontlik om net in God se gewaarborgde lief sekuriteit vir die gewone lewe te vind nie. God alleen skêp hierdie geloof in sy kinders om juis mét die onsekerheid en vertwyfeling oor gewone dinge met Hóm te kan leef binne sý gewaarborgde liefde. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag

Rom. 8:1, 31 – 39; Luk. 18: 18 – 30. Teks Rom. 8: 37 Tema: "Deur God se gewaarborgde liefde kan ons deur die wisselvalligheid van die lewe én ook ons eie gemoed God bly dien." Die geestelikes van hierdie wêreld wil ons in 'n waan hou van 'n lewe waarin alles altyd reg is, reg verloop en reg afloop volgens óns verwagtings en drome wanneer ons alles rég doen. Net soos met die ryk jongman in Luk. 18! Hulle vertroostings, bemoedigende woorde, vermanings, gerusstellings en beswering van angs, onrustigheid, onsekerheid en te neergedruktheid, gaan oor hierdie waan: alles sal reg wees, alles sal reg verloop, alles sal reg afloop, as jy alles reg doen. Hierdie virus wat nou vir 'n ruk in die omloop in die wêreld gaan wees, het mense se waanbeeld oor wat gewaarborg en verseker is in die hierdie lewe, diep geruk! Want niks wat vir mense sekerheid oor hulle lewe gee, kan hulle teen hierdie virus die sekerheid gee alles sal reg wees en alles sal reg verloop nie! Nie jou gesondheid, fiksheidsoefeninge, gesonde eetgewoontes, jou geld en besittings, jou mag en invloed, jou gesin en geliefdes, of enige bestaande medikasie of wetenskaplike kennis nie. Wat het nou fout gegaan? Die antwoord moet wees: "Dit is maar nét die yskas wat gebreek het." Daar het regtig niks fout met God se liefde vir gelowige sondaars gegaan nie. God is nie besig om met hierdie virus sy kerk aan te kla, te veroordeel, te beskuldig of van sy liefde uit te sluit nie. Dit is net nóg 'n virus

waardeur die Here ons met sy onskeibare liefde heen deur vat! Die antwoord moet wees: geen bese magte, of teenwoordige of toekomstige dinge (soos Huawei se G5, Bill Gates se rekenariserende van die wêreld, ongelowiges se komplotte teen God), het ons nou of kan ons ooit van God en sy liefde vervreem nie. Dit kan nie God se beskikking vir hoe ons lewe verloop, verander nie. Dit is net nóg iets soos 'n yskas wat gebreek het, waardeur God ons in sy onskeibare liefde lei om met Hom te leef en te sterf! Preek beskikbaar op Google by ngerklevubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag Paas-ekstra

Rom. 8:1, 31 – 39; Luk. 18: 18 – 30. Teks Rom. 8: 37 Tema: "Deur God se gewaarborgde liefde kan ons deur die wisselvalligheid van die lewe én ook ons eie gemoed God bly dien." Die geestelikes van hierdie wêreld wil nou skielik met hierdie virus almal innerlik gerusstel om só gemoedelik te wees: alles sal reg verloop as jy alles reg doen! Hierdie gewaande gemoedelikheid in werklike verlies is net weer duiwelse listigheid. Want as jy nou as gelowige oor die gewone dinge van die lewe beangs, onrustig, en te neergedruk is, dan kla hulle jou aan en veroordeel jou dat jy nie glo in God se liefde nie. Ons skat is nie ons innerlike vredevolle gemoedelikheid oor die dinge waarvoor ons elke dag moet sorg nie! Dit is die onskeibare liefde van God in alles wat vir ons nou verkeerd loop volgens ons beplannings. God se liefde maak ons nie innerlik gemoedelik en ongestoord oor bedreigings en verliese nie.

Boemelaars leef ook so!

Sy liefde maak dat

1. Ons aanpasbaar met alles van en in die lewe is! Die virus en alles wat dit veroorsaak is net nog 'n yskas wat gebreek het, waarby ons nou aanpas om vir 'n rukkie terwyl ons kyk of dit reg gemaak kan word.
2. Dit maak ons lydsaam! Dit maak dat ons al die verliese kan dra wat Hy beskik vir ons lewe. Ons maak nie van ons ongelukkigheid oor ons verliese, ons angstigheid oor ons verliese, ons stres oor al ons verliese en ons te neergedruktheid oor ons verliese, redes om God oor sy liefde te verwyf, te bevraagteken en aan te kla nie.
3. Dit maak dat ons deur die wisselvalligheid van die lewe besig bly met volhoubare diens en toewyding! Daarom skeep ons ook nie nou nuwe vermeende geestelike en wêreldse vyande waarteen ons nou geestelike, morele en gewelddadige gevegte en oorloë moet voer om ons gewaande innerlike gemoedelikheid te kan terugkry nie – net omdat God nog 'n virus in sy wêreld beskik het nie. Ons bly God in sy liefde dien, al breek die yskas! Preek beskikbaar op Google by byngkerlevubu.co.za Ds. Petrus